Gebed vir Kinders

1. Salf jou kind elke aand voordat hy/sy gaan slaap.

Bid: “Vader ek kom in die Naam van Jesus Christus en salf vir (naam). Ek pleit die bloed van Jesus oor hom/haar/hul en Jesus se bloed soos ‘n kokon om hom/haar/hul. Ek vra U engele (***Heb 1:14*** *Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?)* aangaande my kind/ers om hom/haar/hul te kom beskerm. Ek vra U ook om sy/haar/hul droom kanale toe te sluit vir die bose en net oop te maak vir die Heilige Gees. Ek dank U daarvoor in die naam van Jesus.”

2. Salf jou kind elke oggend wanneer hy/sy opstaan of voor skool.

Bid: “Vader ek kom in die Naam van Jesus Christus en salf vir (naam). Ek kom plaas hom/haar/hul in U hande vandag en spreek die volgende beloftes oor hom/haar/hul, wat my toekom en ook my kind/ers.

Jes 44:3 *Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.*

Jes 59:21 *Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.*

Jes 54:13 *En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.*

Psa 90:16 *Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders.*

Psa 128:3 *Jou vrou is soos ‘n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel.*

Psa 128:4 *Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die HERE vrees.*

Pro 11:21 *Sekerlik, die slegte bly nie ongestraf nie;* ***maar die geslag van regverdiges raak vry.***

Priesterlike Seen:

Num 6:24 *Die HERE sal jou seën en jou behoed;*
Num 6:25 *die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;*
Num 6:26 *die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.*
Num 6:27 *So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën.*

Jos 24:15 *……. maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.*
En hierdie beloftes sal vervul word, want U sê:

Jer 1:12 *Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien,* ***want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring.***

Jes 55:11 *so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.*

** Ek kom nou met die outoriteit van Christus wat my gegee is volgens
Efesiërs 1:21-22 *bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.* ***22*** *En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,*

Luk 10:17-20 *En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.*
18 *Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.*
19 *Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.*
20 *Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.*

Luk9:1 *EN Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees.*

en kanselleer alle vervloekings, verwensings, uitsprake, toormag, haat, jaloesie, rituele, manifistasies en offerhandes, cadging spells en carnal prayers wat gerig was op my kind/ers nou in die naam van Jesus Christus en ek beveel die demone gekoppel aan hierdie, om my kind/ers se tempel/s nou te verlaat in Jesus Naam.

** Volgens ***Mat18:18*** *Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*

kom bind ek nou enige geeste gekoppel aan ADD/ADHD, Dislexia/Droomverlorenheid/Fantasiewereld/ Wanbegrip/Verwarring/Pasiwiteit/Rebellie/Wederstrewigheid/Dwarstrek/ Aggressie en Stom&Dowe gees (soos van toepassing op jou kind/ers se spesifieke simptome) in die naam van Jesus Christus. En ek sny my kind/ers los volgens

Mat 16:19 *En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*

van enige invloed, simptome en werke van die satan in die naam van Jesus Christus. Dankie Here dat U dit uit die Hemel doen vir hom/haar/hul volgens die Skrifte.

Ek pleit die bloed van Jesus oor hom/haar/hul en vra U weer die dienende geeste volgens ***Heb1:14*** om my kind/ers te beskerm vandag in Jesus Naam. AMEN”

** NB: Hierdie kansellering en bind van geeste mag net deur ‘n Wedergebore onderdompelings gedoopte kind van die Here gedoen word (Joh 3:3-6) As die kind dalk manifisteer, doen hierdie saggies of sonder dat die kind weet. Dalk eerder wanneer die kind slaap, maar toets dit eers.